menlo-insig

Insig 7/2026– 25 Februarie 2026

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR




Daar is vandeesweek slegs een kleur wat saak maak. Dit is 'n kleur wat deur die gange van die skool pols. 'n Kleur wat ons gesamentlike wil om te oorwin, simboliseer.

Menlopark, welkom by **ROOIWEEK**!

Terwyl ons vir die interhoëratletiekbyeenkoms voorberei en op die opwinding in die swembad reflekteer, staan ons vir 'n oomblik stil by die simboliek van die kleur wat ons identiteit vandeesweek definieer.

Vir 'n Menloparker is rooi nie bloot 'n kleur op 'n kleurkaart nie, maar 'n kleur met 'n ryk betekenis. 'n Kleur wat sinoniem is met die volgende:

**Passie en toewyding:** Rooi is die kleur van ons harte. Dit verteenwoordig ure se opoffering en passie vir ons skool.

**Energie en aksie:** Rooi vereis beweging. Dit is die adrenalien in die wegspringblokke en die krag van elke slag in die water. Rooi sê: "Ons is hier en ons is gereed."

**Moed en vasberadenheid:** Rooi simboliseer dapperheid. Dit is 'n ingesteldheid wat weier om op te gee, selfs wanneer die bene moeg word of die longe brand.

Wanneer Die Hoërskool Menlopark die rooi vlag vandeesweek hys, stuur ons 'n duidelike boodskap: **Ons is een**. Dit maak nie saak of jy jou slag in die swembad, op die baan, veld of pawiljoen wys nie – jy dra die krag van rooi in jou hart.

Laat ons hierdie **ROOIWEEK** met waardigheid, passie en onstuitbare energie aanpak.

Excelsa petamus!

## TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL

## PSALM 121

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

# KOMMUNIKASIE

## Eggo-jaarblaaie te koop

Jaarblaaie is teen R150,00 by die finansiële kantoor te koop.
Verwysingsnommer by betaling: JB en leerder se naam en van.
Handig asseblief die bewys van betaling by die finansiële kantoor in om die jaarblad te ontvang.

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Ed-admin

Menlo-kode: 599 649.
Daar verskyn gereeld nuwe inligting op die toepassing.
Kyk gerus onder Documents—Parents.

## Kommunikasie met Menlo-personeel

Die personeel se kontakbesonderhede is op die skool se **webblad** beskikbaar.

## Menlo-ouers wat omgee

**Menlo-ma's wat bid**
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968.
Volg gerus die skakel na die WhatsApp-groep.

**Menlo-pa's wat bid (Watchmen)**
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis.
Kontak: 082 457 6526.

## Reünies

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **20 Maart** | 20 jaar | 2006 | **10 April** | 60 jaar | 1966 |
| **17 April** | 50 jaar | 1976 | **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 | **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: | 1971, 1981, 1991, 2001, 2011 & 2021 | | | |

# KOMMUNIKASIE

## Menlo-mediasentrum

Leerders word daaraan herinner dat druk– en lamineerwerk by die mediasentrum gedoen kan word.

## Fotobestellings

Volg die **skakel** om die galery oop te maak.

Klik op u kind se klasfoto.

Voltooi u e-posadres.

Wagwoord: **Menlo2026**

Klik "Open".

**Bestellings**

Blaai deur die fotogroepe en klik op die ♥ op die foto wat u wil bestel. Foto's kan op verskillende galerye gemerk word. Alle foto's wat met 'n ♥ gemerk is, sal in u inkopiemandjie verskyn. Klik op die seskolletjie-ikoon (boaan die bladsy) om tussen galerye te blaai.

Wees gerus op die uitkyk vir gesinsfoto's en groepfoto's. Hierdie foto's is onder u kind se klas gestoor.

U kan die formaat kies waarin u die foto's wil ontvang. Die volgende opsies is beskikbaar: digitale foto's, gedrukte foto's, sleutelhouers, muismatjies en yskasmagnete.

**Betaling**

Klik op die kredietkaartsimbool (regs bo).

Verskaf u e-posadres, die kind se naam en kredietkaartbesonderhede om die betaling af te handel.

Daar is twee betaalstelsels: Yoco en Payfast. Probeer gerus die alternatiewe stelsel as u eerste opsie nie werk nie.

**Aflewering**

Die bestelling van digitale foto's sal in u e-posbus afgelewer word. Hou gerus u gemorsposvouer dop.

Gedrukte bestellings sal by die skool afgelewer word.

**Sluitingsdatum vir finale bestelling: 4 Maart 2026.**

Digitale foto's sal steeds na die sluitingsdatum aanlyn beskikbaar wees.

**Navrae**

Karen van Miracles Photography: karen@miraclesphoto.co.za of 082 899 0358.

# KOMMUNIKASIE

## Finansies

**Korting van R2 200 per leerder word toegestaan indien skoolfonds voor 27 Februarie 2026 volledig vereffen word.**

Navrae: finansies@menlopark.co.za

## Menlo-mediasentrum

### The Cousins

Karen M. McManus




The Storys are the envy of their neighbours: owners of the largest property on their East Coast island, they are rich, beautiful and close. Until it all falls apart. The four children are suddenly dropped by their mother with a single sentence:

You know what you did.

They never hear from her again.

Years later, when 18-year-old cousins Aubrey, Milly and Jonah Story receive a mysterious invitation to spend the summer at their grandmother's resort, they have no choice but to follow their curiosity and meet the woman who has been such an enigma their entire lives.
This entire family is built on secrets, right?

It's the Story legacy.

## Interhoër: 2026

1. **Datum: Vrydag 27 Februarie 2026.**
2. Alle Menloparkers woon interhoër as toeskouers by.
3. Leerders koop buskaartjies by die finansiële kantoor.
4. Kaartjies kan voor skool, na skool en gedurende pouse gekoop word. Die koste van kaartjies beloop R50,00. Slegs **KAARTBETALINGS**.
5. Leerders dra uitgaandrag.
6. Leerders is welkom om 'n sambreel saam te neem (nie verpligtend nie). Indien leerders 'n sambreel saamneem, moet dit asseblief 'n Menlo-sambreel wees. Menlo-sambrele is by die sportwinkel op die terrein beskikbaar. Volg gerus die **skakel** vir die sportwinkel se ure.
7. Reëlings sal deeglik tydens Waardeperiode met leerders bespreek word.

# KOMMUNIKASIE

## Brokkies Menlo-geskiedenis

Die jaar is 1964 en die skool se eerste inter-hoërswemspan is slaggereed om golwe te maak!

Twee en sestig jaar later staan die skool se trotse swemtradisie steeds. Die uitrustings het weliswaar verander, maar Menlo-swem laat na al die jare steeds die rekords spat!



## Afrikaans 101: Het jy geweet?

Die gestandaardiseerde afkorting vir onder is "o. ". Dit word gevolg deur 'n spasie wanneer dit in 'n verbinding met 'n syfer gebruik word, bv. "o. 14".

Wanneer 'n woord met 'n afkorting verbind, word dit met 'n koppelteken vas aan die af-korting geskryf, bv. "o. 14-atleet".

Bron: VIVA-TAALWENK













# AKADEMIE

## MENLO-ONDERWYSERS VEREER

Die Hoërskool Menlopark is verlede week by die Gauteng Departement van Onderwys (GDO) se jaarlikse prysuitdelingsfunksie vereer.

Tydens die prysuitdelingsfunksie is erkenning aan skole vir hulle prestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen gegee. Te oordeel aan die toekennings wat nou in Menlo se klaskamers pryk, is daar 'n perfekte balans tussen die leerders se harde werk en die onderwysers se waardevolle insette. Baie geluk aan elke Menlo-onderwyser — van graad 8 tot graad 12 — wat 'n aandeel aan die Parkies se akademiese sukses het. Die matriekonderwysers verdien 'n veer in die hoed vir hulle merkwaardige bydraes om te verseker dat Menlo se graad 12's die eindeksamen jaarliks met selfvertroue kan aandurf. #menlotrots

**TOEKENNINGS**




1. Openbare skool met 100%-slaagsyfer
   Tshwane-Suid-skool in die provinsiale top-tien: 2de
   Skool met die hoogste graadvrystellingskoers

**BESTE VAKPRESTASIE: TSHWANE-SUID-DISTRIK**




2. Geografie
   Gemiddeld: 71,2%
   Me. Sonja Punt




3. Toerisme
   Gemiddeld: 79,2%
   Me. Anneke Labuschagne




4. Ekonomie
   Gemiddeld: 69,1%
   Mnr. Jan-Harm van Helsdingen




5. Inligtingstegnologie
   Gemiddeld: 84,7%
   Mnr. Luka Jansen van Vuuren




6. Rekenaartoepassingstegnologie
   Gemiddeld: 71,3%
   Me. Madeleine Zaayman




7. Lewenswetenskappe
   Gemiddeld: 71,3%
   Me. Annelize Rademeyer (departementshoof)
   Me. Anneri Luus
   Mnr. Kobus Erasmus




8. Fisiese wetenskappe
   Gemiddeld: 68,6%
   Me. Yolanda Alkema (departementshoof)
   Mnr. Marius Joubert
   Me. Tanya Matthysen

# ORKES









## MENLO-ORKES IS SLAGGEREED VIR 2026

Die orkes het verlede naweek geskiedenis gemaak, want die orkeskamp het vanjaar vir die eerste keer nie op Menlo-bodem plaasgevind nie, maar by die Wag-'n-Bietjie-kampterrein. Baie dankie aan die orkesspan, onder leiding van me. Elmarie Badenhorst (organiseerder) en mnr. Eddie Clayton (dirigent), vir 'n leersame en genotvolle kampervaring. Met so 'n puik begin, sien die skool saam met die orkes na 'n op-windende jaar uit!

Volg gerus die skakel om meer oor die orkes se kampmanewales te wete te kom!



# ATLETIEK

## UITSLAG: GOUE LIGA-BYEENKOMS

**Medaljes**

| | Goud | Silwer | Brons | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Die Hoërskool Menlopark | 43 | 31 | 33 | 107 |
| Helpmekaar Kollege | 40 | 32 | 25 | 97 |
| Hoërskool Montana | 13 | 12 | 19 | 44 |

**Individuele prestasies**

Die volgende atlete het volpunte op die Athletics Performance Evaluation-tabel behaal:

Dogters Janelle Kirkpatrick & Megan Nieman

Seuns Jaco van Dyk & Joshua Gerber

Die atlete beleef 'n puik seisoen en die skool sien saam met die atletiekspan na die interhoërbyeenkoms uit.









# KRIEKET










## UITSLAE

**Menlopark o. 15 B teen Centurion o. 15 B**
Menlo 184/3 (Nicholas van Heerden 51*, Arno Killian 54*)
Centurion 36 almal uit (Ryan Roos 3/2, Matthew Field 3/3)
Menlo wen met 148 lopies.

**Menlopark 3de XI teen Eldoraigne 3de XI**
Menlo 139/6 (Wihann Schalekamp 35*, Arno Hartman 16)
Eldoraigne 138/5 (Daniel O'Connell 1/11, Arno Hartman 1/12, Tiaan le Roux 1/13)
Menlo wen met een lopie.

**Menlopark o. 15 A teen Montana o. 15 A**
Montana 88/8 (Niclas Nolte 3/10, LJ Janse van Rensburg 3/16)
Menlo 89/1 (Logan Roode 53*, Christiaan Koekemoer 27*)
Menlo wen met 9 paaltjies.

**Menlopark o. 15 C teen Tyger Valley o. 15 A**
Tyger Valley 97/5
Menlo 100/6 (Duardt Loots 44*)
Menlo wen met 4 paaltjies.

**Menlopark o. 14 A teen Garsfontein o. 14 A**
Garsfontein 127 almal uit (Ian Viljoen 3/6)
Menlo 121 almal uit (Stephen van Rensburg 34, Logan le Roux 29)
Garsfontein wen met 6 lopies.

**Menlopark o. 14 B teen Garsfontein o. 14 B**
Garsfontein 92 almal uit (Nathan Grape 3/11)
Menlo 95/4 (Bernard Theron 40*)
Menlo wen met 6 paaltjies.

**Menlopark o. 15 A teen Garsfontein o. 15 A**
Garsfontein 138/5 (LJ Janse van Rensburg 4/38)
Menlo 98/9 (Neil Claassen 31)
Garsfontein wen met 40 lopies.

**Menlopark 1ste XI teen Montana 1ste XI**
Montana 146/2
Menlo 147/5 (Johan Bosch 68*, Monré Koekemoer 39)
Menlo wen met 5 paaltjies.


**Menlopark o. 14 C teen Garsfontein o. 14 C**
Garsfontein 82 almal uit (Hugo Loedolff 2/7, Jesse de Beer 2/2)
Menlo 85/4 (Craig Penfold 24*)
Menlo wen met 6 paaltjies.

## MENLO IS FINSBURY-KAMPIOENE!

**Menlopark 1ste XI teen Waterkloof 1ste XI**
Menlo 160/9 (André Kruyshaar 37, Johan Bosch 33)
Waterkloof 72 almal uit (Jordan van Eck 3/15, Jovan Hartman 2/0, Monré Koekemoer 2/13)
Menlo wen met 88 lopies.

Volg gerus die skakel vir pragtige foto's deur Riaan de Bruyn.

# BELANGRIKE GEBEURE









DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# INTERHOËR *Oorlewingspakket* VIR TOESKOUERS

## 27 FEBRUARIE 2026

**KOOP JOU BUSKAARTJIE (SLEGS KAARTBETALINGS) BY DIE FINANSIËLE KANTOOR.**

**KAARTJIEVERKOPE OPEN OP MAANDAG, 23 FEBRUARIE 2026.**

## PAK IN:

- **WATER: VRIES JOU WATERBOTTEL (OF DRIE)**
- **PAK GENOEG KOS VIR DIE DAG**
- **SONBLOK**
- **JELLY BABIES (ENERGIE)**
- **SANITEERMIDDEL – VIR HANDE**
- **MENLO-HOED (VERPLIGTEND)**
- **GEESSTOKKIE**
- **IETS VIR BYSTEKE – AS JY ALLERGIES IS**
- **MENLO-SAMBREEL (OPSIONEEL)**
- **MENLO-PAWILJOENKUSSING/ SWARTSAK/DONKERBLOU KOMBERS VIR SITPLEK (GEEN ANDER KLEURE)**
- **TISSUES / WIPES**
- **KLEIN HANDDOEKIE**
- **POWERBANK VIR JOU FOON – AS JY KAN**
- **KAART/KONTANT**

## HOPE ENERGIE!

**BUSKAARTJIES: R50 | SAMBRELE: R120 | PAWILJOENKUSSINGS: R100**


# PARKIE-ENTREPRENEURS









# MARKPLEIN

**WIL U IN DIE MENLO-INSIG ADVERTEER?**

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig











canyoncafé
RY WÊRELDKLAS
Nou oop in Menlo Park
Ontdek die volledige Canyon-ervaring by ons winkel in Menlo Park, Pretoria. As die amptelike verspreider vir Canyon Bicycles, bied ons wêreldklas pad-, grondpad- en bergfietse, top-gehalte bykomstighede en kundige diens vir fietsryers wat net met die beste tevrede is.
Maar kwaliteit eindig nie by ons fietse nie. Ons winkel beskik oor in-huis professionele massering en chiropraktiese sorg, spesiaal gefokus op fietsryers. Of jy herstel ná 'n harde rit, beserings wil voorkom, of jou liggaam fyn wil instel vir topprestasie — alles is onder een dak beskikbaar.
Ry harder. Herstel slimmer. Ervaar wêreldklas fietse en herstel hier in Menlo Park, Pretoria.
canyoncafē Menlo
"Kom kyk gerus, jy sal nie spyt wees nie"
Adres: Nr 30, 26ste Straat, Menlo Park, Pretoria
Kontak: 084 290 3761 or 082 898 8667
Web: www.canyoncafe.co.za


Die Hoërskool Menlo Park Girls
Gel Pedicure
R160
Two girls • One price
Open weekdays at 7 AM - 5 PM
Saturdays 7 Am-14 PM
Book Now
Arctic Moss 0648508709 •
732 Jacqueline Drive Garsfontein Pretoria


VIP REGISTRATION R150
Don't miss out on
GOODIE BAG
WELCOME DRINK
PARKING TICKET
360 VIDEO
DISCOUNT VOUCHERS
PRIZE DRAWS
Follow us for more info!
Matric Expo Pretoria
https://www.facebook.com/share/18CiUEdbEC/
Register here!
R250 000'S PRIZES UP FOR GRABS!
DESIGNER DRESSES • DESIGNER SUITS • HAIR AND MAKE-UP VOUCHERS • MATRIC DANCE RIDE • CAREER & STUDY
+ YOUR NAME IN THE DRAW TO WIN
SUZUKI SWIFT GL+ MT
Proudly sponsored by CMH Suzuki Silver Lakes
Contact us: sales@promoto7.co.za • 082 046 6912


MATRICS OF 2026!
LISTEN UP!
the grove mall
THIS IS YOUR YEAR!
THE PRESSURE IS REAL, BUT...
WE'VE GOT YOU!
WE'RE TURNING THE GROVE MALL INTO
THE ULTIMATE FUTUREZONE!
HAIR AND MAKE-UP
LATEST TRENDS
PHOTOGRAPHERS
FASHION SHOWS
DRESS AND SUIT DESIGNERS
TALKS AND TIPS
CAREER OPPORTUNITIES
STUDY INFO
And more!
Ready. Set. Succeed Expo
FREE ENTRY
Career & Study Planning | Matric Farewell Fashion
6 - 8 March 2026 Fri: 9am-7pm • Sat: 9am-6pm • Sun: 9am-4pm




EXCELSA PETAMUS
MENLOBOND
ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK